Jesus is ons Here

# In Josef van Arimatea se skoene

## Bybelteks

*Hierna het Josef van Arimatea, wat uit vrees vir die Jode in die geheim 'n dissipel van Jesus was, Pilatus gaan vra of hy die liggaam van Jesus mag wegneem. Pilatus het dit toegestaan. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem. Nikodemus ... het ook gekom en 'n mengsel van ... mirre en adelhout gebring. Hulle het toe Jesus se liggaam geneem en dit saam met geurige speserye in linnedoeke toegedraai ... By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Daar het hulle Jesus toe neergelê ... aangesien die graf daar naby was.*

**– Johannes 19:38-42**

## Kernwaarheid

**Josef van Arimatea volg Jesus se voorbeeld van vrygewigheid.**

### WELKOM

Hoeveel van die "vrygewige dade" op jou bingo-kaartjie het jy al gedoen?

### WONDER

- Watter eienskappe het Josef van Arimatea gehad wat hom gehelp het om sy graf vir Jesus te gee?
- Watter van Josef van Arimatea se eienskappe laat jou aan Jesus se optrede dink?

- Watter van hierdie eienskappe het jy reeds?

**WEES**

Dink aan die portret wat julle van Josef van Arimatea gemaak het. Wat het jou getref? Op watter maniere wil jy soos Josef wees?

**WEGSTUUR**

Julle het as groep besluit wat julle hierdie week kan doen om vrygewigheid aan iemand anders te bewys. Probeer jou bes om dit te doen.